**PARKTOWN BOYS' HIGH SCHOOL**

**(TAAL, GELETTERDHEID & KOMMUNIKASIE)**

**AFRIKAANS (EERSTE ADDISIONELE TAAL)**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **GRAAD** | **: 12** | **DATUM** | **: JUNIE 2014** |
| **VRAESTEL** | **: TAAL IN KONTEKS (V1)** | **TYD** | **: 2 UUR** |
| | | **PUNTE** | **: 80** |

---

**EKSAMINATOR : Mnr. W. Swart**
**MODERATOR : Me. M. Watson**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:**

   | | | |
   |---|---|---|
   | **Afdeling A:** | **Leesbegrip** | **(30)** |
   | **Afdeling B:** | **Opsomming** | **(10)** |
   | **Afdeling C:** | **Taal** | **(40)** |

2. **Lees ALLE instruksies baie goed.**

3. **Beantwoord AL die vrae.**

4. **Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.**

5. **Trek 'n streep na elke afdeling.**

6. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.**

7. **Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.**

8. **Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.**

9. **Skryf netjies en leesbaar.**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**TEKS A: INTERNETARTIKEL**

Lees die internetartikel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

# RUGBY: 'N NASIE SE TROTS!



**1.** Vir 'n baie groot gedeelte van die Suid-Afrikaanse sportpubliek is dié spel (en braaivleis) 'n deel van hul leefwyse. Wanneer jou gunstelingspan verloor, voel dit vir jou of jy slegte nuus ontvang het wat jou persoonlik raak. Wanneer jou span wen, is dit asof jy self presteer het.

**2.** Sport het, soos geen ander Suid-Afrikaanse instelling nie, gewys dat dit die krag het om ou wonde te genees. In die ou Suid-Afrika met sy apartheid is rugby as die witmansport en selfs dié van die Afrikaner beskou omdat dit die laasgenoemde se gunsteling-wintersport was, terwyl die meeste ander bevolkingsgroepe sokker gespeel het.

**3.** Maar toe die Springbokke in 1995 die Rugby-Wêreldbeker op eie bodem gewen het, het Nelson Mandela op die veld verskyn, geklee in 'n nommer-6 trui soos die span se kaptein, Francois Pienaar, 'n wit Afrikaner – en die twee het mekaar omhels in 'n spontane gebaar van rasseversoening wat harte regoor die land week gemaak het. 'n Enkele oomblik, en 400 jaar van bitterheid het skielik so kleinlik gelyk.

**4.** Soos ons almal in 1995 en toe weer in 2007 besef het, is die mees gesogte rugbyprys op aarde, die Webb Ellis-trofee, waarvoor die rugbynasies se top-spanne bereid is om soveel bloed te sweet by die Rugby-Wêreldbekertoernooi. Die trofee is genoem na William Webb Ellis (1806–1872), die skoolseun van die dorp Rugby in Engeland wat klaarblyklik die spel rugby "uitgevind" het. Die legende lui dat die jong William op 'n dag sokker gespeel het en - totaal strydig met die reëls - met die bal in sy hande na die opponente se doellyn gehardloop het pleks van om dit te skop. Daar is egter weinig rede om te glo dat die konsuis impulsiewe Webb Ellis werklik die "pa" van rugby was.

**5.** Die Wêreldbekertoernooi is 'n internasionale kompetisie wat elke vier jaar plaasvind en waarin die wêreld se kampioenspan in rugby bepaal word. Die volgende kragmetings om die wêreldkroon sal in 2015 en 2019 plaasvind, met onderskeidelik Engeland en Japan as die gashere.

Vorige toernooie het as volg verloop:

| Jaar | Gasheerland(e) | Wenspan | Teenstander | Eindtelling |
|---|---|---|---|---|
| 2011 | Nieu-Seeland | Nieu-Seeland | Frankryk | 8-7 |
| 2007 | Frankryk | Suid-Afrika | Engeland | 15-6 |
| 2003 | Australië | Engeland | Australië | 20-17 |
| 1999 | Wallis | Australië | Frankryk | 35-12 |
| 1995 | Suid-Afrika | Suid-Afrika | Nieu-Seeland | 15-12 |
| 1991 | Engeland | Australië | Engeland | 12-6 |
| 1987 | Australië en Nieu-Seeland | Nieu-Seeland | Frankryk | 29-9 |

6. Dit is verder interessant om kennis te neem daarvan dat diere (en 'n soort plant) met vyf van die grootste en sterkste spanne in wêreldrugby vereenselwig word. Van links hieronder is 'n leeu (die Britse en Ierse Leeus), haan (die Hane, die Franse nasionale rugbyspan), silwer varing (wat verskyn op die logo van die All Blacks van Nieu-Seeland), springbok (die Springbokke, die Suid-Afrikaanse nasionale rugbyspan) en wallaby (die Wallabies, die nasionale rugbyspan van Australië).



7. Die Suid-Afrikaanse sportpubliek is nie uniek wanneer dit kom by die ondersteuning van hulle nasionale rugbyspan nie. Die ander vier lande verteenwoordig deur die illustrasies hierbo het net sulke fanatiese ondersteuners - al *barbecue* hulle eerder na afloop van 'n wedstryd.

**(Verwerk uit: http//www.mieliestronk.co.za)**

**1.1** Watter ander aktiwiteit, behalwe rugby, vorm deel van die Suid-Afrikaanse sportpubliek se leefwyse?

Haal **EEN WOORD** uit paragraaf 1 aan. **(1)**

**1.2** Hoe ervaar die Suid-Afrikaanse sportpubliek hulle gunsteling rugbyspan se

**1.2.1** oorwinnings? **(1)**

**1.2.2** nederlae? **(1)**

**1.3** - Kies die **KORREKTE** antwoord om die sin te voltooi.
- Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Die onderstreepte gedeelte in **"dat dit die krag het om <u>ou wonde</u> te genees"** (Paragraaf 2) verwys na die **(apartheid / post-apartheid)** era in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. **(1)**

**1.4** Waarom is rugby in die ou Suid-Afrika as 'n **"witmansport"** beskou? **(1)**

**1.5** Op watter **TWEE** maniere het Nelson Mandela na afloop van die 1995 Rugby-Wêreldbeker= eindstryd rasseversoening bewerkstellig? **(2)**

**1.6** Suid-Afrika was onsuksesvol om hulle oorwinning in die 1995 Rugby-Wêreldbekertoernooi te verdedig.

**1.6.1** Dui aan of hierdie stelling **WAAR** of **ONWAAR** is.

**1.6.2** Motiveer jou antwoord op vraag 1.6.1. **(1)**

**1.7** Watter **TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE** sê vir ons dat daar baie min bewys is dat William Webb Ellis die **"pa"** van rugby was? (Paragraaf 4) **(1)**

**1.8** - Kies die **KORREKTE** antwoord om die vraag te beantwoord.
- Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

In watter jaar het die mees onlangse Rugby-Wêreldbekertoernooi plaasgevind?

**A.** 2011
**B.** 1995
**C.** 2007
**D.** 1999 **(1)**

**1.9** Watter **DEEL VAN 'N WOORD** in paragraaf 5 het dieselfde betekenis as die onderstreepte gedeelte in **"Wêreldbeker<u>toernooi</u>"**? **(1)**

**1.10** **"vyf van die <u>grootste en sterkste spanne</u>"** (Paragraaf 6)

**1.10.1** Watter Wêreldbeker gasheerland word nie by die spanne hierbo ingesluit nie? (Paragraaf 5) **(1)**

**1.10.2** Waarom, dink jy, sukkel hierdie land om die paal te haal? **(1)**

**1.11** - Kies die land(e) in **KOLOM B** wat pas by die inligting) in **KOLOM A**.
- Skryf net die vraagnommer en die letter (A – E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| **1.11.1** Was die wenners van die Wêreldbeker in die jaar wat hulle die toernooi aangebied het.<br>**1.11.2** Bied die Wêreldbekertoernooi in 2019 aan.<br>**1.11.3** Klop Australië om die Wêreldbeker te wen.<br>**1.11.4** Het net-net teen Nieu-Seeland verloor. | **A.** Frankryk<br>**B.** Australië<br>**C.** Nieu-Seeland en Suid-Afrika<br>**D.** Japan<br>**E.** Engeland |

**(4)**


**1.12** Die Suid-Afrikaanse sportpubliek is nie die enigste ondersteuners wat hulle rugbyspan fanaties ondersteun nie.

**1.12.1** Dui aan of hierdie stelling 'n **FEIT** of 'n **MENING** is.

**1.12.2** Motiveer jou antwoord op vraag 1.12.1 deur **TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE** uit paragraaf 7 aan te haal. **(1)**

**TEKS B: GRAFIKA**

Bestudeer die grafika hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.




**(http//www.grafika24.com)**

**1.13** Op watter **TWEE** aspekte van rugbyspelers se fisieke voorkoms is hierdie grafika gebaseer? **(2)**

**1.14** - Kies die **KORREKTE** antwoord om die sin te voltooi.
- Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

'n Gemiddelde rugbyspeler weeg vandag _______ kg swaarder as in 1904.

**A.** 111
**B.** 82
**C.** 79
**D.** 23 **(1)**

**1.15** Wat noem ons die **TWEE** groepe waarin die spelers in 'n rugbyspan gegroepeer word? **(2)**

**1.16** **"In 1896 het 'n Springbok-speler <u>sowat</u> 79 kg geweeg."**

Wat probeer die samesteller van hierdie grafika vir ons sê met die gebruik van die woord ***sowat*** hierbo? **(1)**

**1.17** Waarom, dink jy, weeg agterspelers oor die algemeen minder as voorspelers? **(1)**

**1.18** - Kies die **KORREKTE** antwoord om die sin te voltooi.
- Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Die gemiddelde Springbok-speler sal in 2050 **(langer / korter)** as in 2005 wees. **(1)**

**1.19** - Kies die statistiek in **KOLOM B** wat pas by die inligting in **KOLOM A**.
- Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| **1.19.1** Die verskil in lengte van 'n Springbok tussen 1896 en 2005.<br>**1.19.2** Die toename in 'n voorspeler se gewig tussen 1896 en 2005.<br>**1.19.3** Die gemiddelde toename in lengte van 'n speler teen 2050. | **A.** 7 %<br>**B.** 9 cm<br>**C.** 29 kg<br>**D.** 33 % |

**(3)**

**1.20** Watter waarde het dit vir die leser dat **TEKS B** visueel aangebied is? **(1)**

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2: VOORDELE VAN SPORT OP SKOOLVLAK**

Die artikel hieronder gee 'n paar voordele van sport op skoolvlak. Lees hierdie artikel aandagtig deur. Voer dan die instruksies hieronder uit.

**INSTRUKSIES**

1. Som die sewe voordele van sport op skoolvlak in **SEWE** sinne op.
2. Skryf die voordele **PUNTSGEWYS** neer. Nommer die sinne van 1 tot 7.
3. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
4. Dui die **KORREKTE** getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C: INTERNETARTIKEL**

## VOORDELE VAN SPORT OP SKOOLVLAK

Alle ouers het al op een of ander stadium verby 'n sportveld gestap en met bekommernis gedink wat met hul kind kan gebeur. Hieronder volg 'n bespreking van 'n paar voordele, sodat ouers en leerders 'n ingeligte besluit kan maak.

1. Een van die grootste voordele van sport is dat dit vir leerders lekker is om dit te doen. Leerders geniet dit dus en dit verskaf afleiding vir enige probleme wat daar dalk in hul lewens kan wees.

2. Baie leerders doen egter net sport om hul sosiale status in die skool te verbeter. Alhoewel dit nie die regte rede is om sport te doen nie, leer dit leerders belangrike sosiale vaardighede soos om met ander mense te werk en te kommunikeer.

3. Dit leer leerders ook belangrike leierseienskappe. Jy hoef nie die kaptein van jou span te wees nie. Staan uit onder jou spanmaats deur slegs 'n bydrae te lewer.

4. Daar is ook ander voordele soos goeie hand-oog-koördinasie. Hierdie vaardigheid kan ook voordele op ander gebiede van jou lewe inhou. Wie weet, dalk word jy eendag 'n top rugby- of tennisspeler.

5. Sonlig is steeds een van die beste maniere om die liggaam van vitamine D te voorsien en sport wat in die buitelug gespeel word, is goed hiervoor. Moenie 'n bleeksiel wees wat heeldag voor jou rekenaar sit nie.

6. Sport help ook leerders wat oorgewig is, want gereelde oefening sal leerders help om 'n gesonder gewig te handhaaf. Speel-speel raak jy van daardie onnodige vet ontslae en voordat jy dit besef, pronk jy met 'n nuwe lyf.

7. Sport skep geleentheid vir ouers om hul kinders te ondersteun en te help. Ouers en kinders kan hierdie tyd gebruik om hulle familieband te versterk. Dit skep die geleentheid vir ouers om 'n groter rol in hulle kinders se lewens te speel.

**(Verwerk uit: http//www.sportinonderwys.blogspot.com)**

**TOTAAL AFDELING B: [10]**


**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3**

**TEKS D: INTERNETGRAFIKA**

Die taalvrae wat volg, is op die internetgrafika hieronder gebaseer.

**RUGBY: INTERESSANTE STATTISTIEKE 2002 – 2013**




**(http//www.grafika24.com)**

**3.1** - Gee ‘n **SINONIEM** vir die woord tussen hakies.
- Skryf net die **NOMMER** en **WOORD** as antwoord neer.

Die Blou Bulle het sedert 2002 die Currie-beker die meeste kere **(gewen)**. **(1)**

**3.2** - Gee die **INTENSIEWE VORM** van die woorde tussen hakies.
- Skryf net die **NOMMER** en **WOORD** as antwoord neer.

Die Currie-beker is **(baie oud)** en al die spanne wil dit graag wen. **(1)**

**3.3** - Gee die **MEERVOUD** vir die woord tussen hakies.
- Skryf net die **NOMMER** en **WOORD** as antwoord neer.

Die Lions moet sedert 2002 met die minste **(trofee)** tevrede wees. **(1)**

**3.4** Skryf die sin hieronder oor en **VERVANG** die **VOEGWOORD** tussen hakies met **DAN**.

Jy moet ‘n rugbyspan ondersteun, **(want)** jy sal nie uit voel nie. **(1)**

**3.5** Verbeter die **SPELFOUT** in die opskrif van die grafika.

Skryf net die **KORREKTE SPELLING** van die **WOORD** neer. **(1)**

**3.6** Skryf die sin oor in die **INDIREKTE REDE**.

‘n Blou Bul-ondersteuner vra vir ‘n Cheetahs-ondersteuner: “Wanneer gaan julle weer die Currie-beker wen?” **(3)**

**3.7** - Gee **EEN WOORD** vir die woorde tussen hakies.
- Skryf net die **NOMMER** en **WOORD** as antwoord neer.

Daar word **(elke jaar)** druk op al die spanne geplaas om ‘n trofee te wen. **(1)**

**3.8** - Kies die **KORREKTE WOORD** tussen hakies.
- Skryf net die **NOMMER** en **WOORD** as antwoord neer.

Baie mense beskou die Lions as ‘n **(sukses / mislukking)** omdat hulle sedert 2002 nog net een trofee kon wen. **(1)**
**[10]**

**VRAAG 4**

**TEKS E: KOERANTARTIKEL**

Die taalvrae wat volg, is op ‘n koerantartikel gebaseer.

## WILLIE LE ROUX: HEYNEKE MEYER SE *BOIKIE*

**“Heyneke, met dié mannetjie het jy raakgevat. Nie alle Springbokke hardloop soos springbokke nie, maar Willie hardloop soos een. En dink net ek so, of is daar ’n tikkie Rolls-Royce in hom? Sy motor is klaarblyklik ’n splinternuwe masjien, en hy maak dit vol met adrenalien. Met hom daar heel agter kan ons weer voor die All Blacks kom. En seën sy ma en seën sy pa, want Willie maak dit lekker in Suid-Afrika.”**

**(Met apologie aan Laurika Rauch.)**



**4.1** Skryf die sinne oor in die **ONTKENNENDE VORM**.

Willie le Roux se gene is reg. Sy mentaliteit is reg.

<u>Begin só</u>: Nie alleen ... **(3)**

**4.2** Skryf die sin oor in die **INDIREKTE REDE**.

"My pa het my van kleins af aangemoedig om rugby te speel", sê Willie le Roux.

Begin só: Willie le Roux sê dat ... **(3)**

**4.3** Skryf die sin oor in die **LYDENDE VORM**.

Willie le Roux het rugbykenners beïndruk. **(1)**

**4.4** **VERBIND** die volgende sinne met die **VOEGWOORD** tussen hakies.

Willie le Roux het dieselfde probeer bly.
Hy het beroemd geword. (nadat)

Begin só: Nadat ... **(3)**

**4.5** Skryf die sin oor in die **INFINITIEF**.

Willie le Roux glo as Springbok moet jy die *Full Monty* gee.

Begin só: Willie le Roux glo as Springbok behoort ... **(1)**

**4.6** Gebruik jou kennis van **WOORDORDE** en skryf die sin oor.

Willie le Roux werk hard aan sy dissipline op die veld.

Begin só: Blykbaar ... **(1)**

**4.7** Gee die **KORREKTE VORM** van die woorde tussen hakies.

Willie le Roux sê dat al die Springbok-**(rugby + speler)** Heyneke Meyer respekteer. **(1)**

**4.8** Skryf die sin oor in die **INFINITIEF**.

Willie le Roux dra 'n t-hemp en 'n denimbroek by die huis.

Begin só: Willie le Roux blyk ... **(1)**

**4.9** Skryf die sin oor in die **DIREKTE REDE**.

Willie le Roux sê dat hy nie 'n vaste meisie het nie. **(3)**

**4.10** - Gee **EEN WOORD** of kies die **KORREKTE WOORD** tussen hakies.
- Skryf net die **NOMMER** en **WOORD** as antwoord neer.


Willie le Roux **4.10.1 (herken /erken)** dat hy as **4.10.2 (iemand wat gholf speel)** sukkel en deur baie van sy **4.10.3 (span + maat)** gespot word. **(3)**

**[20]**

**VRAAG 5**

**TEKS F: SPOTPRENT**

Die taalvrae wat volg, is op die spotprent hieronder gebaseer.




**5.1** Skryf die sin oor in die **VERLEDE TYD**.

Heyneke Meyer dring daarop aan dat die Springbokke 'n toets skryf. **(1)**

**5.2** - Gee die **VERGROTENDE TRAP** van die woord tussen hakies.
- Skryf net die **NOMMER** en **WOORD** as antwoord neer.

Coenie Oosthuizen probeer **(slim)** as die ander Springbokke wees deur eerste te antwoord. **(1)**

**5.3** Verander die **STELSIN** in 'n **VRAAGSIN**.

Die Springbokke sukkel om Heyneke Meyer se elementêre vrae te beantwoord. **(1)**

**5.4** - Gee die **VERKLEINING** van die woord tussen hakies.
- Skryf net die **NOMMER** en **WOORD** as antwoord neer.

Selfs 'n Graad 10-leerder kan die elementêre **(somme)** doen. **(1)**

**5.5** - Kies die **KORREKTE VORM** van die **VOORNAAMWOORD** tussen hakies.
- Skryf net die **NOMMER** en **WOORD** as antwoord neer.

Die Springbokke **(wat /wie)** Heyneke Meyer toets, sukkel om die vrae te beantwoord. **(1)**

**5.6** Skryf die gedeelte tussen hakies in die **KORREKTE WOORDORDE** neer.

Heyneke Meyer het **(in Bloemfontein / verlede jaar / die Springbokke)** 'n toets laat skryf. **(1)**

**5.7** - Kies die **KORREKTE** antwoord om die vraag te voltooi.
- Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Wat noem ons die onderstreepte **SKRYFTEKEN** in **"Elementêr, my liewe Heyneke."**?

**A.** Kappie
**B.** Deelteken
**C.** Koppelteken
**D.** Aksentteken **(1)**

**5.8** - Kies die korrekte **SPELVORM** vir die woorde tussen hakies.
- Skryf net die **NOMMER** en **ANTWOORD** neer.

Dit is 'n groot eer vir enige speler om 'n **(Springbok-rugbytrui / Springbok rugbytrui)** oor sy kop te trek. **(1)**

**5.9** - Kies die **KORREKTE** antwoord om die **IDIOOM** te voltooi.
- Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Die Springbokke ***sit met hulle _____ in hulle hare*** omdat die vrae so moeilik is.

**A.** vingers
**B.** verbande
**C.** penne
**D.** hande **(1)**

**5.10** - Kyk na die verkorte woordeboekinskrywing van die woord **rugbyspeler**.
- Skryf die woord in lettergrepe neer en onderstreep die lettergreep wat die klem dra.

| **rug'-by-spe-ler** s.nw. Iemand wat met 'n eiervormige leerbal rugby speel. |
|---|

**(1)**
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: [40]**
**GROOTTOTAAL: [80]**